

TOESPRAAK GEHOUD IN PRETORIA BY OPENBARE VERGADERING  
VAN DIE N.D.B. OP 28 JANUARIE 1988

F.A. SONN

EK STAAN VANAAND OP DIESELFDE VERHOOG MET WYNAND MALAN IN PRETORIA. NATUURLIK IS EK VERVUL MET HUIWERING. 'N POLITIEKE VERHOOG IS NIE 'N MAKLIKE PLEK NIE. 'N POLITIEKE VERHOOG IN PRETORIA IS VEEL ERGER. HIERDIE STAD WERK NIE MAKLIK MET KAPENAARS NIE.

EK IS NIE 'N LID VAN DIE NASIONALE DEMOKRATIESE BEWEGING NIE, MAAR DEEL TEN VOLLE SY IDEAAAL VIR EEN ALMAL-INSLUITENDE SUID-AFRIKAANSE NASIE. LAASTENS MOET EK BELY DAT EK SINIES GEWORD HET OOR DIE VERMOË VAN DIE BINNE-PARLEMENTÊRE PROSESSE OM OP HUL EIE DIE TERGENDE VRAAGSTUKKE VAN ONS LAND OP TE LOS.

DESNIETEMIN HET EK TOG INGEWILLIG OM 'N PLATVORM MET WYNAND MALAN TE DEEL, WELWETENDE DAT EK HIERMEE KRITIEK UIT BEIDE POLE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING OP MY SAL BRING.

EK GLO EGTER DAT SUID-AFRIKANERS DIE GEVARE MOET TROTSEER EN NA VORE MOET KOM OM SELFS DIE ONPOPULÊRE EN MOEILIKE TAKE AAN TE DURF. EK GLO

DIEGENE WAT DIE KLEM OP BYMEKAARBRING EERDER AS OP UITMEKAARJAAG WIL  
LAAT VAL. MOET GETROU AAN DIE EISE VAN DIE SLAGSPREUK OPENLIK VIR DIE

WAAROOR ONS VANAAND OOK MET MEKAAR MOET PRAAT:  
'N ONBEVANGE BEOORDELING VAN HIERDIE GEVLEUELDE SLAGSPREUK ONTBLOOT  
WEINIG OM REGVERDIGING TE BIED VIR RASSEDISKRIMINASIE WAT IN APARTHEID  
GESTALTE GEVIND HET. MYNS INSIENS HET APARTHEID 'N ANDER GRONDSLAG

HIERDIE STELLING IS DEUR DR. D.F. MALAN TOT SLAGSPREUK VERHEF. DIE  
OPVALLENDE IS DIE SINSNED "VOLGENS INNERLIKE OORTUIGING". ANDERS  
GESTEL. MENSE WAT BEGINSELS OF GELOOFSOORTUIGING MET MEKAAR IN GEMEEN  
HET. HOORT BYMEKAAR.

MEKAAR SE.  
VOORTS DAT, ONDANKS DIE TALLE AANDUIDINGS VAN DIE TRAGIESE IN ONS  
SAMEDLEWING, ONS LAND IN DIE ONTKIEMINGSTADUUM VAN DIE NUWE  
SUID-AFRIKAANSE NASIE VERKEER. DIEGENE WAT GLO DAT SUID-AFRIKANERS  
SMAG NA EENHEID EN GLO DAT ALLE SUID-AFRIKANERS WAT VOLGENS INNERLIKE  
OORTUIGING BYMEKAAR HOORT, BYMEKAAR GEBRING MOET WORD. MOET DIT VIR

WÊRELD VERKONDIG WAT DAARDIE INNERLIKE OORTUIGINGS IS EN WAAROM HULLE GLO DAT MENSE VAN DIESELFDE OORTUIGINGS EN BEGINSELS WEL TOT EENHEID GESMELT KAN WORD EN WAAROM HULLE TOT EENHEID GEBRING MOET WORD.

EK STAAN DUS SAAM MET WYNAND MALAN IN PRETORIA VANAAND OMDAT:

- \* EK EN HY ONDANKS ONS VERSKILLE SAAM VIR U KAN SÊ DAT ONS NIE ALLEEN SAAM KAN PRAAT NIE, MAAR OOK WERKLIK SAAM KAN BID EN DIT OOK WEL DOEN;
- \* EK EN HY EWE DIEP VOEL DAT IETS RADIKAALS GEDOEN MOET WORD OM ONS LAND VAN HOMSELF TE RED;
- \* EK EN HY EWE BEGAAND IS OOR DIE LOTGEVALLE VAN ONS TYDGENOTE EN GEESGENOTE WAT VANAAND BYVOORBEELD IN AANHOUDING SIT OF IN DIE BUITELAND KOUD EN VERVREEMD SIT;
- \* EK EN HY JONG KINDERS HET WAT MEKAAR ÒF AS MAATS EN GEESGENOTE MOET LEER KEN EN AANVAAR ÒF MEKAAR - GOD VERBIED DIT - OP STRAAT OF IN DIE LOOPGRAWE AS VYANDE SAL LEER KEN;

- \* ONS GLO IN DIE WONDERWERK VAN EEN GEMEENSKAPLIKE EN VERENIGDE SUID-AFRIKAANSE NASIE. 'N NASIE WAT RASSISME VERPES EN GLO DAT ONS ALMAL GELYKE KINDERS VAN GOD IS.

ONS IS DIT AAN BEIDE ONSSELF SOWEL AS AAN MEKAAR VERSKULDIG OM HIERDIE OORTUIGINGS TE VERKONDIG.

MAAR DAN IS DAAR 'N LAASTE REDE WAAROM EK VANAAND LANGS WYNAND MALAN IN PRETORIA STAAN, T.W. MY BEWONDERING VIR HIERDIE AFRIKANER. DIT IS NIE ELKE DAG DAT EEN VAN DIE GOUE SEUNS VAN DIE APARTHEIDSREGERING NA HOMSELF IN DIE SPIEËL KYK EN OP DIE STEM VAN SY GEWETE AG GEE NIE. DIT GEBEUR OOK NIE ALDAG DAT DIE VEILIGE EN LONENDE OMGEWING VAN DIE REGERENDE PARTY DEUR 'N SUKSESVOLLE PARTYMAN LAAT VAAR WORD BLOOT OMREDE BEGINSELOORWEGINGS EN MORELE OORTUIGINGS NIE. SO 'N PERSOON VERDIEN AANMOEDIGING.

DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK WERK HARD MET ONS ALMAL EN DIT HET 'N MANIER OM DIE KUDDE-INSTINK TE VERSTERK.

EK EN WYNAND MALAN STAAN TE MIDDE VAN VERSKILLENDE EN UITEENLOPENDE WERKLIKHEDE. SY OMGEWING IS DIE BLANKE KIESER - DIE BEVOORREGTE GEMEENSKAP VAN SUID-AFRIKA; MYNE IS 'N ONTDANE EN VERSTOTE GEMEENSKAP.

EK IS MY DAARVAN BEWUS DAT SUID-AFRIKANERS BESIG IS OM 'N GENEËNTHED  
TE VERTOON OM VOLGENS BEGINSELS EN OP IDEOLOGIESE GRONDSLAG TE  
GROEPEER. VIR MY IS DIT 'N SEKER TEKEN DAT DIE NUWE SUID-AFRIKAANSE  
NASIE REEDS ONTKIEM HET.

VEREENSELWIG.  
OM IN SUID-AFRIKA TE ONTVOU - PATRONE WAARMEE EK MY GRAAG WIL  
DOEN NIE OMDAT EK MY GEWAAR GEMORD HET VAN NUWE PATRONE WAT BESIG IS  
EK WIL MY WERKLIK NIE HIERAAN SKULDIG MAAK NIE. EK WIL DIT VERAL NIE

NEGATIEWE STEREOTIPES.  
ABSOLUTES TE VERHEF. HIERDIE ABSOLUTES VOED DAN ONS VRESE EN VERSKANS  
VERMOË OM ONDERLINGE PUNTE VAN VERSKIL FYN UIT TE PLUS EN DAN TOT  
ONS AS SUID-AFRIKANERS HET 'N BEHEPTHEID MET VERSKILLE. ONS BESIT DIE

ERKENNING IN DIE LAND VAN ONS GEBOORTE.  
LIKING. MY GEMEENSKAP STAAN HUIDIGLIK STERK BINNE DIE STRYD OM VOLLE  
AGTERGROND EN GESKIEDENIS VAN REVOLUSIONÊRE STRYD OM SELFVERWES-  
ONS GESKIEDENIS VERSKIL. DIE GEMEENSKAP WAARAAN HY ONTLEEN IS HET 'N

AAN DIE EEN KANT VAN DIE POOL SIEN 'N MENS IN DIE VERGADERSALE VAN DIE PARLEMENT ALLE SOGENAAMDE BEVOLKINGSGROEPE VERTEENWOORDIG - ALMAL MENSE WAT HUL LOT INGEWERP HET BY DIE PARLEMENTÊRE PROSESSE. VIR HULLE IS DÍT DIE SAMEBINDENDE FAKTOR. AAN DIE ANDER UITERSTE VERTOON 'N UDF-VERGADERING BYVOORBEELD OOK 'N SAMEHORIGHEIDSPATROON WAT OOR RASSEGRENSE HEEN STREK. OOK DIE ANC SE HOOFBESTUUR BESTAAN UIT PERSONE VAN ALLE BEVOLKINGSGROEPE. DIE SAMEBINDENDE OORTUIGING IN HIERDIE GEVAL IS NIE RAS NIE, MAAR DIE GELOOF DAT BUIITE-PARLEMENTÊRE ORGANISASIES DIE WA DEUR DIE DRIF GAÂN TREK.

INDERDAAD KOM MENSE WAT VOLGENS INNERLIKE OORTUIGING BYMEKAAR HOORT, BYMEKAAR. MENSE KOM ALTOENEMEND BYEEN ONGEAG OORWEGINGS VAN RAS. VIR MY IS DIT EENVOUDIG - 'N MENS LOOP MET 'N PERSOON SAAM OP GROND VAN WAARIN HY GLO EN WAARTOE HY HOM DIEPGRONDIG EN INNERLIK VERBIND HET EN NIE OP GROND VAN WIE OF WAT HY IS NIE. DIT IS WAT CHRISTUS VAN ONS VEREIS EN DIT IS WAT GEWOON BESKAAFDE GEDRAG VOORVERONDERSTEL.

EK KAN DUS VIR MNR. MALAN VANAAND TEN AANHORE VAN U ALMAL SÊ: "WYNAND, AS JY GLO IN DIE OPDRAG VAN PSALM 8 VERSE 5-7 DAN HET ONS BASIES VEEL IN GEMEEN.

Ps. 8 v. 5 "WAT IS DIE MENS DAN  
 DAT U AAN HOM DINK,  
 DIE MENSEKIND DAT U NA HOM OMSIEN?

Ps. 8 v. 6 U HET HOM NET 'N BIETJIE MINDER  
 AS 'N HEMELSE WESE GEMAAK  
 EN HOM MET AANSIEN EN EER BEKROON,

Ps. 8 v. 7 U LAAT HOM HEERS  
 OOR DIE WERKE VAN U HANDE,  
 U HET ALLES AAN HOM ONDERWERP."

WYNAND, AS JY GLO DAT GOD OPREGTE MEDEMENSLIKHEID VAN JOU VEREIS, AS JY GLO DAT DIE CHRISTELIKE EIS DAT JY JOU NAASTE SOOS JOUSELF MOET BEHANDEL NIE 'N SONDAG-KERKOPDRAG IS NIE, MAAR DIE VEREISTE TOT 'N VAN DAG-TOT-DAG GEDRAGSWYSE, DAN KOM ONS INNERLIKE OORTUIGINGS OOREEN. ONS OMSTANDIGHED, ONS RASSEKLASSIFIKASIE EN ONS STRATEGIEË MAG DAN VERSKIL, MAAR ONS BEGINSEL OORTUIGINGS KOM DAN IN GROOT MATE OOREEN.

ONS SAL ALTYD VERSKIL OOR DIE WYSE WAAROP ONS OORTUIGINGS UITLEEF. STRATEGIEË IS AANPASBAAR, MAAR BEGINSELS STAAN VAS. NĒRENS IN ONS GELOOF AS CHRISTENE KRY ONS DIE REG OM ONS BEGINSELS AAN TE PAS NIE. ONS HET OOK NIE DIE REG OM ONS CHRISTELIKE BEGINSELS OM PRAKTIESE PARTY-POLITIEKE REDES TE VERSTEL NIE. ONS MOET EENVOUDIG DAARBY VASSTAAN EN INDIEN NODIG, DAARBY VAL.

MY STRYD MET DIE NASIONALE PARTY-BELEID IS JUIS GEBASEER OP DIE WERKLIKE EN PRAKTIESE LEED EN ONTREDDERING WAT APARTHEID MENSE AANDOEN. MY TEENKANTING TEEN DIE BELEID GAAN EGTER VEEL DIEPER. DIT GAAN DAAROM DAT DIE NASIONALE PARTY SY BEGINSELS SO VOORSTEL DAT DIT VIR DIE ONKRITIESE HOORDER LOGIES VOORKOM.

BY NADERE ONDERSOEK WORD DIT GOU DUIDELIK DAT DIE BELEID DAAROP AANSPRAAK MAAK DAT DIT AAN DIE EISE VAN CHRISTELIKE MEDEMENSLIKHEID VOLDOEN, MAAR IN WERKLIKHEID WORD HIERDIE BEGINSELS SO GEMEET EN PAS DAT DIT AAN PRAGMATIESE OF STRATEGIESE VEREISTES VOLDOEN EERDER DAN AAN DIE EIS VAN DIE BEGINSEL. DIT IS VIR MY NIE AANVAARBAAR NIE.

AS EK DIE RASIONAAL VAN APARTHEID GOED VERSTAAN, GEE DIE NP GEREDELIK



TOE DAT RASSISME 'N ONAANVAARBARE AANSLAG OP DIE WESE VAN 'N MEDEMENS  
 MAAK EN DAT HY DIT DERHALWE AS BEGINSEL AFKEUR. HY VERDUIDELIK DAT SY  
 BELEID OP DIE ERKENNING VAN KULTUURVERSKILLE VAN GROEPE NEERKOM. DIE  
 NP-BELEID ARGUMENTEER DAT SAMELEWINGS HULSELF NATUURLIKERWYS OP  
 KULTUURGRONDSLAG VORM EN DAT DIE REGERING BLOOT VORM DAARAAN GEE TEN  
 EINDE DIE SAMELEWING ORDELIK TE SISTEMATISEER. VIR DIE NASIONALE  
 PARTY IS DIT DIE BYMEKAAR BRING, WAT BYMEKAAR HOORT. DIT IS  
 KLAARBLYKLIK NIE DIE WAARHEID NIE. DIT IS 'N VERDRAAIING VAN  
 BEGINSELS. DIT IS 'N DROGRENASIE. OMDAT DIT DIE WAARHEID GEWELD  
 AANDOEN, IS DIT DIE HOOFSAAKLIKE REDE WAAROM DIT VERWERPLIK IS.

VOORBEELDE: ILLUSTRER.

DIE WESE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE PROBLEMATIEK IS DERHALWE IN 'N  
 FUNDAMENTELE SIN DAARIN GESETEL DAT DIE SAMELEWINGSTRUKTURE ONDER DIE  
 HUIDIGE BEDELING OP 'N BEGINSELSGRONDSLAG GEVESTIG IS WAT NIE DIE  
 TOETS VAN DIE WAARHEID KAN DEURSTAAN NIE. APARTHEID IS 'N WREDE  
 BELEID OMDAT DIT MENSE OP 'N ARBITRÊRE WYSE INGEVOLGE DIE BEVOLKINGS-  
 REGISTRASIEWET IN VALSE RASSEKATEGORIEË INDWING EN DAN VIR DIE WÊRELD

VERKONDIG DAT DIT NIKS ANDERS IS NIE AS DIE NATUURLIKE ORDENING VAN GEMEENSAPPE VOLGENS KULTUURVOORKEURE EN VERSKILLE.

IN ST. 4 HET EK DIE IDIOOM GELEER: "AL GAAN DIE LEUEN OOK HOE SNEL, DIE WAARHEID AGTERHAAL HOM WEL."

DIT WORD ONS VOORTDUREND VOORGEHOU DAT DIE SPANNINGSTOESTANDE IN ONS LAND DIE GEVOLG IS VAN DIE BOSE GEESTE IN DIE LUG, DIE VYAND HIER EN DIE VYAND DAAR. AAN ONS WORD GESÊ: "OFFER OP"; "GLO EN ALLES SAL REGKOM"; "DIE TOEKOMS IS VEILIG WANT ONS BEGINSELS EN MOTIEWE IS ONBERISPELIK"; "DIE VYAND SAL MET WORTEL EN TAK UITGEROEI WORD", ENS. IS DIT NIE MISKIEN DAT DIE LEUEN BESIG IS OM DIE WEDLOOP TEEN DIE WAARHEID TE VERLOOR NIE? LÊ DIE GROOT PROBLEEM VAN ONS LAND NIE MISKIEN DAARIN OPGESLUIT NIE?

ONS AS SUID-AFRIKANERS KAN MOS NIE AANHOU OM ONSSELF TEEN KOUE AS WARM TE MAAK NIE. U KAN MOS NIE AANHOU GLO IN WONDEROPLOSSINGS NIE. GELOOF IS GOED, MAAR GELOOF DRA ONS ALLEEN DEUR AS DIT IN DIE WAARHEID GEBED IS. GELOOF VEREIS OOK MOEDIGHEID EN DAADKRAG. GELOOF EN WERKE, SÊ DIE SKRIFTE, MOET SAAMGAAN.

EK IS NIE ONBEWUS VAN DIE TOESTAND WAT DIE GESKIEDENIS VIR ONS GESKEP HET NIE. DIT IS 'N WERKLIKHEID DAT ONS MET DIE BOTSSENDE DILEMMA VAN WIT VRESE EN SWART ONGEDURIGHEID EN WOEDE SIT. ALBEI IS REALITEITE EN ALBEI MOET MET GROOT DRINGENDHEID AANGESPREEK WORD.

BLANKE VREES IS BESIG OM IN 'N PSIGOSE TE VERANDER EN VOLGENS STELLENBOSCH UNIVERSITEIT SE EENHEID VIR KLINIESE SIELKUNDE HET DIE STRES WAT MET DIE WIT VRESE SAAMGAAN, DIE VOLGENDE TOT GEVOLG:

- \* DIE EGSKEIDINGSYFER ONDER DIE BEPAALDE GEMEENSAP IS ONDER DIE DRIE HOOGSTES TER WÊRELD;
- \* KORONÊRE SIEKTES ONDER DIE VYF HOOGSTES;
- \* DIE SELFMOORD-SYFER DIE HOOGSTE;
- \* MOTORONGELUKKE ONDER DIE HOOGSTES;
- \* DIE GEBRUIK VAN DWELMS ONDER DIE HEEL HOOGSTES TER WÊRELD;
- \* 'N HOË VOORKOMS VAN DEPRESSIE, SPANNING EN ONSEKERHEID WORD AANGETREF.

DIE STUDIE KONKLUDEER SOOS VOLG EN EK HAAL AAN:

"DIE SIMPTOME VAN INTERPERSOONLIKE EN RASSEKONFLIK IS DAAGLIK SIGBAAR, MET PYNLIKE GEVOLGE - EN BRUTALE AGRESSIE 'N TRAGIESE LEWENSWYSE."

DIT IS VOORWAAR 'N ILLUSIE OM TE DINK DAT DIE NOODTOESTAND, AANHOUINGS OF DIE SOEK VAN SONDEBOKKE EN DIE KOMMUNIS ONDER ELKE BED DIE ERNSTIGE VRAAGSTUK VAN WIT VREES EN SWART ONGEDULD GAAN OPLOS.

OM DIE PROBLEEM OPPERVLAKKIG TE BENADER, OM VANUIT VALSE PREMISE UIT TE GAAN, VERHOOG BLOOT DIE GEVOEL VAN SPANNING.

IRMA VAN ZYL HET NATUURLIK IETS BEET WANNEER SY IN DIE DESEMBER-UITGAWE VAN DE KAT DIE VRAAG STEL:

"IS WIT SUID-AFRIKANERS IN 'N TYD VAN POLITIEKE ONSEKERHEID BESIG OM HULSELF TOE TE SPIN IN 'N KOKON VAN VREES? DIS NIE NET WAPENVERKOPE EN DIE MURE OM HUISE WAT DIE HOOGTES INSKIET NIE - OOK DIE TOENAME IN ALKOHOLISME, DWELMGEBRUIK, GESINSMOORDE, SELFMOORD, EGSKIEDINGS EN MOTORONGELUKKE DUI OP TOENEMENDE MAATSKAPLIKE STRES."

AAN DIE ANDERKANT WIL EK U VERSEKER DAT MY MENSE WAT HUL GEBOORTEREG SO LANK ONTSÊ IS, WAT TOT IN DIE SKADUWES VAN DIE DORPE EN STEDE UITGESTOOT IS, WAT VEEL MINDER REGTE EN VORREGTE GENIET AS 'N WIT IMMIGRANT WAT GISTER UIT DIE AGTERSTRATE VAN LISSABON HIER AANGEKOM HET, NOOIT TEVREDE SAL WEES MET ENIGIETS MINDER AS DIE VERWERWING VAN AL HUL REGTE AS BURGERS VAN SUID-AFRIKA NIE.

OM DAAROP TE HOOP IS NIE BLOOT 'N ILLUSIE NIE, MAAR DIT IS 'N BELEDIGING EN 'N FLAGRANTE ONDERSKATTING VAN ONS VASBERADENHEID OM DIE EUWEL VAN APARTHEID VERNIETIG TE SIEN EN ONS PLEK AS VOLLE BURGERS NAAS ANDER SUID-AFRIKAANSE BURGERS IN TE NEEM.

OM TE DINK VERBANNINGS EN WREDE EN ARBITRÊRE AANHOUDINGS KAN 'N SKANSMUUR VAN VREDE OM BLANKES BOU, IS OM TEEN U BETERWETE TE ARGUMENTEER. DIT WERK NET NIE SO NIE. DAAR KOM 'N TYD IN DIE LEWE VAN ELKE VOLK WAT HY DIE STANG VASBYT, DEURBYT EN DIE PRYS VIR VRYHEID BETAAL. DIE AFRIKANER WEET UIT EIE GESKIEDENIS HOE DIEP EN WARM DIE VUUR VAN VRYHEID IN 'N MENS KAN GLOEI.

WAT EK SO PAS GESEË HET, IS 'N TEKSBOEKGEVAL VAN ENDEMIESE KONFLIK, STORM EN STRYD WAARIN BITTERHEID EN VERGELDING HOOGTY VIER EN 'N EKONOMIE IN DIE PROSES NA SY PEETJIE GAAN.

'N VOLK WAT VOOR SO 'N TOESTAND TE STAAN KOM EN NIE SY VERNUF EN DAADKRAG GEBRUIK OM DIE VRAAGSTUK RADIKAAL EN GRONDIG AAN TE SPREEK NIE, SAL DIE LOT WAT HOM NATUURLIKERWYS SAL OORVAL, VERDIEN.

WANNEER WYNAND MALAN NA VORE TREE EN VIR SY MENSE SÊ OM HOM TE ONDERSTEUN OM MET 'N OOP GEMOED EN GOEIEWIL MET WARE VERKOSE SWART LEIERS TE BEGIN ONDERHANDEL, ONTVLAM DIE HOOP. WANNEER REGERINGS-MINISTERS HULSELF TEVREDE STEL MET ONDERHANDELINGE MET SELFAANGESTELDE LEIERS EN DIE VOLK MAAK GLO DAT DIT WARE ONDERHANDELING IS, VERFLOU DIE HOOP.

WANNEER MENSE SOOS MALAN SÊ DIE TYD HET AANGEBREEK VIR DIE SKEP VAN 'N KLIMAAT VIR WARE ONDERHANDELING, DAT POLITIEKE AANGEHOUDENES VRYGELAAT MOET WORD SODAT 'N KLIMAAT VIR WARE ONDERHANDELING GESKEP KAN WORD, MOET HY BEWONDER WORD.

DINGAAN HET VIR RETIEF GEVRA OM GEWELD AF TE SWEER. RETIEF HET DIT TER GOEDERTROU GEDOEN EN NAGELAAT OM OOK VAN DINGAAN TE EIS OM SY WAPENS OPSY TE SIT. NATUURLIK MOET ONS GEWELD BESTRY. ONS MOET EGTER DAARTEEN WAAK DAT ONS DIT MET ONS WONDE DOEN EN DAN SO HANDEL DAT ONS DIE FRUSTRASIEPEIL SO VERHOOG DAT GEWELD LOGIES VOLG.

EK GLO EN EK WEEAT DAT DIE OORGROTE MEERDERHEID SUID-AFRIKANERS EEN DING MET MEKAAR IN GEMEEN HET EN DIT IS HUL GELOOF IN EN STREWE NA DIE DAG DAT DIE ONDERHANDELINGSPPROSES TUSSEN GELYKES EN GELOOFWAARDIGE VERKOSE LEIERS BEGIN. DIE REGERING MOET NIE EISE AAN ANDER STEL WAT HY NIE SELF BEREID IS OM NA TE KOM NIE.

EK GLO NIE NET NIE, EK WEEAT DAT DAARDIE LEIERS WAT DIE OORGROTE MEERDERHEID SWARTMENSE (EN DIT SLUIT SOGENAAMDE BRUINMENSE IN) VERTEENWOORDIG EN WAT IN TRONKE VASGEKERKER SIT, STEEDS VERBY HUL PERSOONLIKE VERDRIETIGE OMSTANDIGHED KKY EN STEEDS BEREID IS OM TE ONDERHANDEL MTS DIE ONDERHANDELING OPREG IS EN VERAL INDIEN DIE ONDERHANDELING TUSSEN GELYKES IS. HULLE VRA NET DAT WETTE GESKRAP MOET WORD EN TOESTANDE GESKEP WORD WAT DIE GELYKHEID VAN ALLE VERTEENWOORDIGERS VERHINDER.

"BY ONS IS DIT 'N KWESSIE VAN VRYHEID OF DIE DOOD. DIT MOET SO  
 WEES. AS ONS VIR VRYHEID STERF, DAN MAG ONS KINDERS TEN MINSTE  
 VOORDEEL UIT ONS VOORBEELD TREK. DIT WEEÏ ONS: DAT AS 'N  
 SELFBESTURENDE VOLK HOM ONDER DIE JUK VAN 'N ANDER STEL, SY  
 SEDELIKE ONDERGANG VERSEKERD IS." P. 29 VOLKSIDEE EN NASIEBOU:  
J.A. COETZEE.

OP 20 JANUARIE 1900 VERKLAAR PRESIDENT PAUL KRUGER SOOS VOLG:

EK WIL U VANAAND OP GOEIE GESAG DAARVAN VERSEKER DAT DIE TYD VIR 'N  
 ONDERHANDELDE SKIKKING IN SUID-AFRIKA NOG NIE VERBY IS NIE. DIE TYD  
 DAARVOOR RAAK WELISWAAR MIN. HIERDIE OORTUIGING HET EK EN WYNAND  
 MALAN IN GEMEEN. DIT IS WAAROM ONS 'N PLATVORM DEEL. OOR EEN DING IS  
 ONS DIT ROEREND EENS: ONS MOET ONS MENSE PROBEER OORREED OM HUL  
 VREES-PSIGOSE AAN DIE EENKANT EN BLINDE BITTERHEID AAN DIE ANDERKANT  
 TE LAAT VAAR EN OM KLAAR TE MAAK VIR DIE GROOT AVONTUUR WAT OP ONS  
 LAND MAG. T.W. WARE EN DIEPGANDE ONDERHANDELING TUSSEN DIE VRY EN  
 VERKOSE LEIERS IN WIE DIE MEESTE MENSE VERTROUE HET. ONDERHANDELINGE  
 WAT SAL LEI TOT DIE GEBOORTE VAN EEN SUID-AFRIKAANSE NASIE.



DANKIE.

BIED.

ONS MOET DIT GLO. AS OPVOEDER HET EK 'N PLIG OM HIERDIE GEES IN SUID-AFRIKA TE HELP SKEP. EK MOET ELKE MOONTLIKE PLATVORM BENUT OM DIT TE PROBEER DOEN. EK GLO DAT WANNER HIERDIE WETE EN GEES WERKLIK IN ONS SAMELEWING WORTELSKIET, DIT 'N NUWE KLIMAAT VAN HOOP BY ONS JONGMENSE SAL SKEP WAT STABILISEREND OP HULLE GEMOEDERE SAL INWERK. LANGS DAARDIE WEG SAL DIE PAD NA VREDE LOOP. DIT SAL 'N GEES VAN AVONTUURLIKHEID EERDER AS WANHOOP, DEPRESSIE, VREES EN BITTERHEID VERWEK EN ONS OPGEWONDE MAAK OOR DIE MOONTLIKHEDE WAT ONS TOEKOMS

HIERDIE WAS 'N ROERENDE UITSPRAAK. ONS WIL DIT NIE VIR ONSSSELF AS SWART OF NIE-BLANKEGROEP AANGRYP NIE. ONS WIL EERDER SE DAT HIERDIE OPROEP DIE SLAGSPREUK MOET WEES VAN ALLE SUID-AFRIKANERS, WIT EN SWART, WAT ONDERWEG IS NA DIE VESTIGING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIE. 'N NASIE VAN ALLE KINDERS VAN HIERDIE MOOI LAND. 'N NASIE WAT DIE UITEINDE IS VAN DIE SOEKE NA WAT SUID-AFRIKANERS TEN DIEPSTE IN GEMEEN HET EN 'N HARTGRONDIGE VERWERPING VAN DIE ERNSTIGE SIEKETOESTAND VAN SUID-AFRIKA T.W. DIE BEHEPTHEID MET VERSKILLE. DIE GROOT GELOOF WAT IN MY HART BRAND IS DAT ONS EEN KAN WEES.